

Redaksioneel...

Die afgelope kwartaal was 'n baie gebeurtenisvolle een vir veral die personeel van die Biblioteek. Ons Direkteur, mnr Tom Larney, het die Flinkdink vasvrakompetisie wat op SABC 2 uitgesaai is, gewen. Hy het dieselfde kompetisie ook in 1981 gewen. Almal by die Biblioteek wil hom gelukwens met die prestasie waarmee hy vir homself 'n [blink nuwe Camry](#) as prys gewen het. [Lees gerus meer oor die personeel se prestasies ...](#)



Die Universiteit is ingeteken op die **Observatory on Borderless Higher Education**. Die bron is veral nuttig vir opvoedkundiges en bestuur. [Lees hier oor die nut daarvan.](#)



Vir die gemak van studente is die **McGregor BFA Station**

nou ook beskikbaar in die Biblioteek. Bedryfswiskunde en Ekonomie studente kan die program gebruik om intelligente beleggings- en besigheidsbesluite te neem. [Meer oor die program...](#)

Die **Puk-Eeu databasis** lys alle Puk-personeelpublikasies vanaf 1871-2001, en is saamgestel deur prof C J H Lessing. Personeel moet die nuutste inligting rakende personeelpublikasies in geakkrediteerde tydskrifte deurgee aan die betrokke Fokusarea Direkteur. Vir enige navra kontak Zita Prinsloo by x2559. [Kyk gerus na die databasis.](#)

Die Biblioteek het twee opleidingslokale nl., [Besembos](#) en [Tarentaal](#) wat deur personeel en studente by die Inligtingstonbank, of by 299 2802, bespreek kan word.

Die Biblioteek se **Jeugversameling** is nou beskikbaar vir gebruik deur studente en personeel. [Vind hier uit](#) oor die geskiedenis van die versameling en waar dit geleë is.



Zoomtext is op aanbeveling van Prof Hans du Plessis deur Personeeldienste aangekoop.

Die program maak dit moontlik dat siggestremdes met meer gemak van biblioteekrekenaars gebruik kan maak. Zoomtext is op verskeie rekenaars in die Hoofbiblioteek en takbiblioteke geïnstalleer. Doen asb navraag by die betrokke biblioteek se Inligtingstonbank indien u meer daarvan wil weet.



Electronic Course Reserves kan jou help om jou

studiemateriaal maklik by studente uit te kry. [Lees hier hoe dit gedoen word.](#)



Soek volgens vak

Die **nuwe webblad** is nou ook volgens **vakke** ingedeel. Al die inligtingsbronne wat jy nodig het vir jou vak is op een blad beskikbaar. Kontroleer gerus of die databasisse wat jy gewoonlik gebruik daar is. Skakel Elize by x2836 indien jy 'n skakel mis wat jy gereeld gebruik.



Die Biblioteek bied verskeie **opleidingsessies** aan in die gebruik

van die Internet en ons volteks databasisse. Kyk gerus of [een van die kursusse](#) vir jou van hulp kan wees.

[Argief hier beskikbaar](#)

19 Junie 2003 . **FPBWEB**


<http://www.puk.ac.za/biblioteek/nuusbrief/>



Die Biblioteek is uitermate trots op sy personeel en hulle ingesteldheid op toegewyde, vriendelike en effektiewe diens aan ons gebruikers. Deesdae het ons egter rede om nog trotser te wees:



Corrie Breitenbach van ons afdeling Inligtingstelsels het onlangs een van die Puk se nuutste Springbokke geword toe sy gekies is as een van die tien lede van die nasionale vrouerolbalspan. Hierdie groep is op die oomblik hard aan die oefen, ook met wedstryde teen ander nasionale spanne. Dis alles met die oog daarop dat die finale groep van vyf wat volgende jaar aan die wêreldkampioenskappe in Kuala Lumpur gaan deelneem, in November aangewys word. Hierdie groep gaan in Maleisië deelneem aan die vier-, drie-, twee- en enkelspelkompetisies. Ons ken Corrie as net so 'n toegewyde speler as wat sy 'n werker is. Sy het oor die afgelope jare meer as haar kant gebring om Noordwes se span 'n gedugte krag in rolbal te maak en ons het min twyfel daarvoor dat sy volgende Julie nie net die land met eer gaan verteenwoordig nie, maar daarmee ook die Puk op die kaart gaan plaas.



Magriet Fourie en **Meshack Mpato** van ons Bindery het presteer deurdat hulle na intensiewe opleiding gekwalifiseer het as professionele boekbinders. Hierdie opleiding het geskied en die sertifikate is uitgereik ingevolge die standaarde van die MAPPP SETA (dis die drukkers- en grafiese bedryf se opleidingsgesag). Die Biblioteek is trots daarop dat ons op hierdie wyse kon bydra tot die Universiteit se taak ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling. Ten spyte van al die beweging in die rigting van elektroniese bronne lewer ons Bindery nog 'n diens van geweldige waarde beide in en buite die Biblioteek. Ons het groot verwagtinge van wat dié twee kollegas van ons nog kan vermag.

Die Biblioteek se nuwe webtuiste is aan die einde van Mei amptelik bekendgestel en in gebruik geneem. Dis nie net die gevolg van die uitbreiding van die beskikbare inligtingsbronne nie, maar ook daarvan dat ons dit so aantreklik logies as moontlik vir ons gebruikers op en ook veral van die kampus af wil aanbied. Ons het baie positiewe terugvoer van baie gebruikers en kollegas elders oor die webblad ontvang. (Gaan kyk gerus daarna by www.puk.ac.za/biblioteek).

Baie dankie aan Bessie van der Walt, Louise Vos, Elize van Eldik en Christine Bronkhorst, sowel as aan 'n hele aantal ander kollegas, ook by ITB, vir hulle harde werk hieraan.

Tom Larney
Direkteur Biblioteekdienste





The OBSERVATORY on Borderless Higher Education

Our university subscribes to the Observatory on Borderless Higher Education (OBHE). The Observatory on Borderless Higher Education is a joint initiative between the Association of Commonwealth Universities and Universities of the UK. The Observatory was established as an 'international strategic information service' on borderless higher education. The borders under consideration are both geographical and conceptual - looking globally at emerging trends and policies that cross political and geographical borders, as well as more conceptual borders such as time, place, level (continuing professional education, adult, post-16 and lifelong learning) and type of provider, be it public, private, for-or-not-for profit or some combination thereof.

Observatory outputs are very much aimed at strategic policy oriented issues in the first instance and only secondarily on the more technical or pedagogical issues. The Observatory has developed products and services that provide:

- Descriptive information providing news on the latest developments across a wide range of issues.
- Strategic information that attempts to explore rationales, decision-making processes and organizational change.
- Reflection on the ability to stand back from events to consider implications of trends and developments.

The Observatory provides up-to-the-minute information on an extensive range of developments via three primary routes.

- Monthly reports are substantive reports on major issues that are commissioned from experts across the world. The reports reflect the wide range of issues encompassed in 'borderless' higher education, with recent reports covering topics such as growth in private higher education, the potential impact of the General Agreement on Trade in Services (GATS) and intellectual property rights in developing e-learning materials.
- Briefing Notes are designed to be easily digested in a very short period of time; they raise strategic issues for readers, provide a brief analysis of the topic and point to sources of further information. Topics addressed in this series include developments in e-libraries, wireless technologies and the initial results from an international survey undertaken by the Observatory on institutional strategies relating to online learning.
- Breaking News is unique in its scope, coverage and analysis of current trends and developments in borderless higher education. Our team scan the newswires and a wide variety of electronic sources daily to identify developing trends and partnerships. We do not simply regurgitate the snippets which many other 'clipping services' do, instead we draw together the issues and attempt to answer 'So what? What does this mean in the scheme of things?'

The website also has a resources page that is continually updated. It provides links to other national studies on borderless issues including e-learning and distance learning. The Observatory team has undertaken its first international survey on the development of online learning in higher education - the results of this survey are also available online. Finally, the Observatory has produced a survey tool for institutional review to enable institutions (on a consulting basis) to determine the current level of use of ICT in teaching and learning as well as exploring issues of staff development and training.

This journal is available at the following web address: <http://www.obhe.ac.uk/products/briefings> You will be asked for a network ID and password.

ID: xxxxx@puknet.puk.ac.za (replace xxxxx with your own network ID)

Password: pdhezi

The journal is available at no cost to anybody with a Puk e-Mail address. (Other addresses, like Yahoo, Hotmail, etc. will not give you free access.)

This article comes from MyUMIST - UMIST Portal

<http://myumist.umist.ac.uk/>



McGregor BFA Station



Die program is veral van nut vir Bedryfswiskunde en die Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe. Dit bied aan jou die volgende voordele:

- Gebruikers werk op een volledige bron van historiese inligting.
- Die inligting help jou om ingeligte besluite te maak rakende beleggings.
- Portefeulje optimiseringsgeleenthede word ook geskep.

Kenmerke van die program:

- publiseer finansiële state vanaf 1988.
- Gestandaardiseerde geskiedenis soos gepubliseer deur die Buro for Finansiële Analise vanaf 1971.
- Volledige wetsregtelike inligting rakende besigheidstrukture en aandelebesit organogramme.
- Volle aandelebesit insluitende genomineerde maatskappye.
- Samevatting van spesifieke inligting oor besighede, wat verkry is vanaf meer as 40 plaaslike en internasionale publikasies.

Bogenoemde is maar net 'n paar van die kenmerke. Vir meer volledige inligting gaan na die volgende adres: <http://www.mcgbfa.com/products/station.asp>







Jeugboekversameling

Die Biblioteek beskik in die Hoofbiblioteek oor 'n redelik omvattende versameling kinder- en jeugboeke. Die versameling is deur die loop van bykans veertig jaar opgebou, aanvanklik onder die leiding van prof Carl Lohann, Direkteur van die Instituut vir Kinder- en Jeuglektuur en professor in Biblioteekkunde. Dit was hoofsaaklik as studie- en navorsingsversameling bedoel en gevolglik net vir gebruik van die Biblioteek beskikbaar gestel. Die Instituut was ook verantwoordelik vir 'n omvattende publikasie in 1986, nl. Die Afrikaanse Kinderboekgids (AKG) met een supplement daarna (R028.5 AFR).

Nadat die Instituut gesluit is, is die boeke steeds deur studente in Biblioteekkunde asook vir sekere modules by Afrikaans Nederlands en tans ook deur studente van die ATKV-Skryfskool gebruik. Nadat Biblioteekkunde as studierigting uitgefaseer is en vandat die POK-Mediasentrum se boeke nie meer uitgeneem kan word nie, is besluit om alle boeke in die Kinder- en Jeugversameling uitleenbaar te maak vir alle studente. Dit is veral ook bruikbaar deur die Onderwysstudente vir lesvoorbereiding. Ons versoek personeel en studente vriendelik om nie die boekies vir hulle kleuters uit te neem, soos in die Gemeenskapsbiblioteek nie. Die boeke word vir 'n leentydperk van twee weke geleen (net soos die boeke in die Potch Gemeenskapsbiblioteek-depot op die tweede vloer).

Boeke met 'n 'J' by die standnommer word in die katalogus as 'Jeugversameling' aangedui. Dit is op die grondvloer op die houtrakke teen die noordmuur langs die 100 - 300-standnommers. Dit bestaan hoofsaaklik uit storieboeke in Afrikaans, Engels, Nederlands, Duits, enkeles in Romaanse Tale asook Afrikatale. Daar is ook 'n klein versameling elementêre naslaanwerke.

Maak gerus van hierdie versameling gebruik: word weer jonk en geniet weer van voor af ou en nuwe gunsteling - van Grimm tot J K Rowling. Lekker lees!

Wat is dit?

Voordele en prosedures vir dosente.

Hoe kry ek toegang tot dokumente wat elektronies gereserveer is?

Wat is dit?

Elektroniese Reservering, of soos dit in Engels bekend is: Electronic Course Reserves (ECR), is 'n module van die Innopac stelsel wat die biblioteekstelsel is wat gebruik word deur al die Gaelic-biblioteke, soos Unisa en UP. e-Reservering is die elektroniese beskikbaarstelling van studiemateriaal. Tydskrifartikels, gedeeltes uit boeke, studiegids, memoranda, vraestelle of aantekeninge kan op die manier beskikbaar gestel word..

Voordele en prosedures vir dosente:

Voordele:

- Studiemateriaal is beskikbaar vir die hele groep, dus gebruik nie net een student die boek/materiaal vir 'n dag of twee nie.
- e-Reservering is nie gebonde aan 'n gebou nie.
- Dit ondersteun die gedagte van E-leer.
- Materiaal raak nie beskadig nie.
- Materiaal raak nie verlore of word gesteel nie.
- Inligting kan ook beskikbaar gestel word via 'n knoop vanaf die dosent se webblad.
- Die hele lys gereserveerde materiaal hoef nie in die studiegids geplaas te word nie. Die studiegids kan slegs verduidelik dat gereserveerde materiaal beskikbaar is deur op bepaalde knope op die Biblioteek se webblad te klik. Die hele studiegids hoef dan nie gewysig te word indien 'n dosent materiaal wil byvoeg of weglaat nie.

Prosedures:

- Verskaf aan ons die beste kopie vir inskandering.
- Gee ons genoeg tyd aangesien daar ook in die meeste gevalle om kopieregklaring aansoek gedoen moet word.
- Kopiereg:
 - Outeursreg word beskerm en eerbiedig en daarom moet ook klaring gevra word wanneer dit van toepassing is. Die biblioteek hanteer die administrasie rondom kopiereg. Hiervoor benodig ons inligting rondom die aantal studente; bibliografiese besonderhede van die materiaal wat op e-reservering geplaas moet word; die naam van die dosent en kursuskode.
 - Die inligting kan per vorm of per e-pos na ons gestuur word by fpbsco@puknet.puk.ac.za
 - Ons faks die tersaaklike inligting na Dalro.
 - Ons ontvang die kwotasie gewoonlik binne 'n week en laat weet die dosent wat die totale koste sal wees.
 - Indien die dosent dit aanvaar, gaan ons voort met die reservering en skandering van die materiaal.
 - Die koste verbonde aan kopieregklaring is 34c per student per bladsy.
- Onthou om elke jaar opnuut aansoek te doen vir materiaal.
- Wanneer die hele proses afgehandel is, laat ons die dosent weet sodat moontlike probleme opgevolg kan word, kwaliteitskontrole gedoen kan word en veranderinge aangebring kan word.
- Wanneer die proses afgehandel is, het die studente toegang tot die inligting waar in die wêreld hulle mag wees.



Hoe kry ek toegang tot dokumente wat elektronies gereserveer is?

1. Gaan na die Biblioteek se webblad by <http://www.puk.ac.za/biblioteek/>
2. Beweeg oor "**Reservering**", 'n uitvou keuselys verskyn, klik dan op "**Gereserveerde studiemateriaal**".
3. Jy kan nou soek volgens die **naam** van die dosent bv. Coetzee M
OF die **kursuskode** bv. MBXK112
5. Indien jy onder die naam van die dosent gesoek het, sal 'n lys verskyn met al sy vakke, kies jou vak daaruit, bv. MBXK112.

Indien jy onder jou kursuskode gesoek het, sal jy direk na die vak geneem word (Fig.1). Die bronne wat elektronies beskikbaar is, is hieronder met rooi onderstreep.

<i>Prof/ta</i>	<u>Coetzee, M</u>
<i>Course</i>	<u>MBXK112</u> <u>Menslike Bewegingskunde</u>
MATERIALS FOR THIS COURSE	
<u>Creative play activities for children with disabilities : a</u>	Gereserveer: FP -- 790.196 MOR -- LIB USE ONLY
<u>Great games for young people / Marilee A. Gustafson, Sue K.</u>	Gereserveer: FP -- 613.7042 GUS -- LIB USE ONLY
<u>Best new games / Dale N. Le Fevre.</u>	Gereserveer: FP -- 790.15 LEF -- LIB USE ONLY
<u>Swimming SA : Course theory (kopie 1)</u>	Gereserveer: FP -- 797 SWI -- LIB USE ONLY
<u>Swimming SA : Course theory (kopie 2)</u>	Gereserveer: FP -- 797 SWI -- LIB USE ONLY
<u>Swimming SA : Course theory (kopie 3)</u>	Gereserveer: FP -- 797 SWI -- LIB USE ONLY
<u>Swimming SA : Pre-course (kopie 1)</u>	Gereserveer: FP -- 797 SWI -- LIB USE ONLY
<u>Swimming SA : Pre-course (kopie 2)</u>	Gereserveer: FP -- 797 SWI -- LIB USE ONLY
<u>Swimming SA : Pre-course (kopie 3)</u>	Gereserveer: FP -- 797 SWI -- LIB USE ONLY
<u>View or Print: //TOETS AANTEKENINGE</u>	Gereserveer: FP -- MBXK112 -- <u>AVAILABLE*ELECTRONIC COPY AVAILABLE*</u>

Fig. 1

6. Klik op die titel wat jy wil sien bv. **View or Print; //TOETS AANTEKENINGE**
7. Daar kan 'n "Security Warning" verskyn voordat jy toegang kry tot die dokument (Fig. 2). Klik dan op "Yes".




Fig. 2

8. Die rekenaar vra jou nou om "**YOUR NAME**" en "**University ID**" in te sleutel. Hier is dit belangrik om te onthou om jou naam as volg in te tik bv. **Van Eldik, M E**. Jou studentenommer moet ook ingesleutel word met 'n **2** aan die einde indien daar nie reeds een op jou kaart verskyn nie. Personeelnommers word ingesleutel met 'n **1** aan die einde.
9. Klik op "**Submit**".
10. Die gereserveerde materiaal verskyn nou op die skerm reg om gelees te word of om uitgedruk te word.
11. Om die materiaal te laat uitdruk, gebruik die "drukker-ikoon" wat aflaai saam met Acrobat Reader. Moet nie die leser se drukkfunksies gebruik nie.

Navrae kan gerig word aan [Suzette Coetzee](#) by 299 2787.





[Kontak ons](#) | [Soek](#)

Biblioteekdienste van die Noordwes-Universiteit

Inligting vir referate

Selekteer jou vak en kry sodoende 'n gids na wetenskaplike inligtingsbronne:

- [Kliek hier vir meer inligting rakende wagwoorde vir databasisse en e-tydskrifte](#) .
- [VraOns](#)

Deur op 'n onderwerp te klik verkry u toegang tot die databasisse wat geskik is vir die spesifieke onderwerp. Die kontakbesonderhede van die onderskeie inligtingsbibliotekaris word verskaf op elke onderwerp se blad.

[|A|](#)[|B|](#)[|C|](#)[|D|](#)[|E|](#)[|F|](#)[|G|](#)[|H|](#)[|I|](#)[|J|](#)[|K|](#)[|L|](#)[|M|](#)[|N|](#)[|O|](#)[|P|](#)[|Q|](#)[|R|](#)[|S|](#)[|T|](#)[|U|](#)[|V|](#)[|W|](#)[|X|](#)[|Y|](#)[|Z|](#)

Onderwerp

A

[Administrasie](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Afrikaans en Nederlands](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Afrikatale](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Antieke Kultuur](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Arbeidsverhoudinge](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Astronomie en Astrofisika](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

B

[Bankwese](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Bedryfs- en Bestuursrekeningkunde](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Bedryfsielkunde](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

[Bedryfsosiologie](#) - [\[Kontakinligting\]](#)

